

# Die strukture



# van jou diere:

## só interpreteer jy BLUP-teelwaardes

➔ deur Jan Louis Venter

Die groot waarde van beste liniêre onsydige beraming (BLUP)-teelwaardes lê daarin dat dit waardevolle inligting verskaf oor ekonomies belangrike eienskappe aan die hand waarvan besluite geneem kan word.

Photo: Elsa Featherstone

(BLAAI OM)

**B**LUP is 'n metode waar alle beskikbare inligting vir 'n spesifieke eienskap gebruik word om die prestasie van die nageslag meer akkuraat te voorspel. Die ekonomies belangrike eienskappe waarvoor daar tans teelwaardes beskikbaar is, sluit in reproduksie (vrugbaarheid), groeivermoë (liggaamsmassa), hoeveelheid skoonwol, en gehalte-eienskappe van wol, naamlik veseldikte en stapellengte. Indien die teler of kuddeboer hierdie ekonomies belangrike eienskappe in sy kudde wil verbeter, sal BLUP-teelwaardes hom help om vinniger by sy gestelde doelwitte uit te kom.

Die korrekte interpretasie en gebruik van teelwaardes was 'n probleem, en die blote syfer het vir baie boere nie veel sin gemaak nie. 'n Nuwe, vereenvoudigde stelsel is deur die Landbounavorsingsraad (LNR) ontwikkel waar simbole saam met die teelwaardes aangedui

word. Een van die vyf simbole word by die teelwaarde aangetoon en dit sê dan waar die spesifieke dier (of eienskap) in die Merino-ras staan. Die simbole en hul betekenis is:

## Interpretasie van katalogus-inligting

**Figuur 1: Katalogus-inligting soos dit op veilings aangebied word**

LOT		Ref Nr/No:	
RAM ID 1832-2005-0001		167063	
Status:	Twins		
Gebdat/Birth dat:	2005-03-25	Ebv Tww:	2.73 *
Eienskap/Trait	BLUP	Indeks	Value
Gewig/Body Wht	3.44 *	106	48.1
GDT/ADG:			0
Vag / Fleece:	-0.165 *	73	2.85
Vdikte/Fibre diam:	-0.41 *	102	17.9
CV %:			19.8
GF/CF:			99.9
Stapel / Staple:	7.09 *	113	102.3
Sknopbr / Yield %:			71.1
REW / Sel Ind %:	14.29 *	91.4	
Huidige Vdikte / Current Fibre Diam:			
Toetsdatum:	2006-03-10	Groepgrootte:	263
Vaar:	1832-2003-	1832-2003-0621	
Toekennings:			
Moeder:	Prod Jare 3	Ebv Wol/Wool	7.9
	OPI-Afw 1	Ebv Bou/Conf	7.9
	Gem. Lam Ind 90		
Koper/Prys:			
Notas			

**\* Uitstaande.** Ram is in die boonste 10% van die ras. Dit beteken dat daar 'n baie goeie kans is dat die ram die eienskap gaan verander.

**+ Bogemiddeld.** Ram is in die boonste 40% van die ras. Dit beteken dat daar 'n kans is dat die ram die eienskap gaan verander.

**= Gemiddeld.** Ram is in die 20% rondom die gemiddelde van die ras. Hierdie ram sal waarskynlik geen verskil aan die eienskap maak nie.

**- Ondergemiddeld.** Ram is in die onderste 40% van die ras. Daar is 'n kans dat die ram die eienskap negatief gaan verander.

**X** Ram is in die onderste 10% van die ras. Daar is 'n baie goeie kans dat die ram die eienskap negatief gaan verander.



## Teelwaardes

'n Ram, 1832-2005-0001, se katalogus-inligting word weergegee in figuur 1, waaruit ons kan sien dat die ram se teelwaardes vir die liggaamsmassa (LM), skoonvaggmassa (SWL), veseldikte (VD) en stapellengte (STPL) 3,44, -0,165, -0,41  $\mu$  en 7,07 mm onderskeidelik is.

Die \* langs liggaamsgewig beteken dat daar 'n goeie kans is dat die ram swaarder nageslag in jou kudde sal produseer. Die = langs veseldikte beteken die ram se nageslag behoort dieselfde as dié van jou kudde te wees (mits jou kudde se veseldikte die gemiddeld van die skeersel is). Die - langs skoonwol beteken daar is 'n kans dat die ram se nageslag minder wol by jou sal produseer.

## Indekse

Die ram se indekse vir liggaamsgewig, skoonvaggewig, veseldikte en stapellengte is 106, 73, 102 en 113 onderskeidelik. Dit beteken dat die ram 6% swaarder was as die groep se gemiddelde, 27% minder wol geskeer het, 2% sterker was, en stapellengte van 13% langer as die groepgemiddeld gehad het. 'n Indeks is dus 'n aanduiding van hoe die ram self presteer het teenoor ander ramme wat dieselfde behandeling ontvang het. Indekse is heelwat minder akkuraat om 'n ram se nageslag se prestasie te voorspel as BLUP-teelwaardes. Dit beteken dat as teelwaardes beskikbaar is, indekse maar geïgnoreer kan word.

## Relatiewe ekonomiese waarde

Liggaamsgewig op sigself bring nie inkomste nie. Liggaamsgewig saam met aanteel, en die hoeveelheid en gehalte van die wol bepaal die inkomste per eenheid. Die relatiewe ekonomiese waarde kombineer die verskillende eienskappe en voorspel dan watter ram het die beste kombinasie van die verskillende eienskappe om bruto inkomste te verhoog. As ram 1 se REW R30 is en dié van ram 2 is R10, beteken dit ram 1 se nage-

slag behoort R10 (30-10 / 2) per KVE per jaar meer inkomste te lewer.

## Koëffisiënt van variasie (KV)

Binne elke wolmonster kom 'n reeks veseldiktes voor. 'n Wolmonster kan dus 'n gemiddelde veseldikte van 19  $\mu$  hê, maar die vesels in die monster kan van 7  $\mu$  tot 37  $\mu$  wissel. Twee maatstawwe word gebruik om die verspreiding te meet, naamlik KV en standaard afwyking (SD). KV is 'n funksie van SD.

## Reproduksie-inligting (Ooiproduktiwiteitsindeks)

In dié deel van die katalogus word die ram se eie moeder se reproduksie-inligting weergegee. Die inligting bestaan uit die ooi se aantal produksiejare, ooiproduktiwiteitsafwyking en haar lammers se gemiddelde speenindeks. Die aantal produksiejare is 'n aanduiding van die hoeveelheid lamkanse wat 'n ooi gehad het. Die speenmassas van 'n ooi se lammers word gebruik om vir haar 'n totale massa lam gespeen vir elke lamkans te bereken. Die massa van alle lamkanse wat 'n ooi gehad het, word bymekaar getel om haar totale massa te bepaal. Die massa word gebruik om 'n ooiproduktiwiteitsindeks te bereken binne 'n produksiejaar-groep. Met ander woorde al die ooië wat vyf produksiejare het, word as een groep gehanteer.

Die ooiproduktiwiteitsindeks-afwyking (OPI-A) word ook binne 'n groep bereken om te bepaal of die ooi beter of swakker as die groep se gemiddeld geproduseer het. 'n Waarde van +10 is gewoonlik baie goed en -10 is baie swak. In sommige gevalle word die aantal lammers gespeen per lamkans gegee. Hierdie inligting kan misleidend wees, want as die lampersentasie meer as 100 is, behoort die meeste ooië meer lammers as lamkanse te hê. Die OPI-Indeks korrigeer hierdie skewe data).

Die gemiddelde indeks van 'n ooi se lammers word bereken met die speenindekse van elke lam wat die ooi gespeen het. 